Veilings nuus en bul bespreking

Goeie dag Bonsmara vriende,

Ons hou weer veiling die 4de Augustus 2023 in Fouriesburg op die plaas Hoogland. Ons bevind ons in die 4de jaar van die bees prys siklus waar pryse gewoonlik effe begin stilstaan of effe afwaarts neig. Ons moet net besef die siklus gaan weer draai en pryse behoort weer 3-4 jr. te verdubbel. Dan behoort u voorraad te hê om die volle voordeel te benut. Versorg veral u koei kuddes en hou u produksie op hoë vlak om styging in pryse te kan benut as dit weer kom.

Ons bied **72 bulle** aan wat streng gekeur en voorberei is vir die veiling sodat u maksimum voordeel uit u aankope te kan kry. Die bulle vertoon goeie vrugbaarheid eienskappe, en **al die bulle behalwe** 8 bulle se moeder **TKP is onder 399 dae** met uitstekende vleis eienskappe, groei en lae geboorte massas en uitstekende maternale eienskappe.



**Lot 1 - CEF 20041** is 'n mooi donker bul met goeie bespiering oor sy rug, buite dye en top lyn. Hy is korrek gebou en vertoon mooi vrugbaarheid eienskappe op sy kop en voorkwart. Sy moeder is jong koei wat goed produseer 3-kalf op 5 jaar oud en gem. speen ind. 109 en TKP 377. Sy vaar is 'n jong bul CEF180338 (CEF130317). Hy is goed vir gebruik op verse.



**Lot 2 - CEF200554** is Fase C getoets en teruggehou uit die groep by Hoëveld Klub. Die bul dra baie vleis, goeie kapasiteit en baie goed om swaar speenkalwers te teel. Sy moeder is CEF110090 wat verkoop is as Golden Oldie vir R75,000 met uitstekende rekord van 10 kalf op 12 jr. oud en gem. speen van 108 en in 2020 'n seun verkoop vir R200,000 aan Thuso Graan. Feitlik al haar kalwers is goedgekeur. Goeie maternale bul met goeie vleis en groei eienskappe. Sy grootmoeders se vrugbaarheid is almal uitstekend met baie melk en langslewend (sien sy stamboom). Sy vaar CEF150315 was een van ons top stoet vaars met uitstekende vleis eienskappe geteel uit CEF100304.



**Lot 3 - CEF200489** is een van die bulle op veiling met die beste kapasiteit en gewig vir sy ouderdom. Hy is breed oor sy rug en buite dye en donker rooi met gladde vel en haar. Hy is baie goed op speenkalf, vrugbaarheid, langlewendheid, koei waarde, groei en karkas waarde. Sy moeder en grootmoeders se rekords bevestig dit. Uitstekende produserende koeie. Sy vaar LAR160004 het uitstekende bulle alreeds in 2022 verkoop en nog 'n paar goeie bulle op vanjaar se veiling. Sterk maternale bul wat goeie verse behoort te teel.



**Lot 4 - CEF190506** is van die laaste seuns uit CEF130548 wat uitstekende lengte van lyf en uitstekende vroulike diere geteel het. Hy is lank donker met mooi manlike eienskappe. Hy is breed oor sy rug met vol buite dye en mooi skoon testes en skede. Ons het hom gebruik met 27 nageslag reeds gebore en gem. GM 34kg. Sy moeder is 'n Golden Oldie vanjaar op die veiling met 8 kalf op 10 jr. oud en gem. speen van 101 en TKP 365. Een semen gebruik word uitgehou. Sy teel

waardes beaam dit: kalf gemak 107, speenkalf waarde 132, vrugbaarheid 124, koei waarde 139 en karkas waarde 127. Met sulke teelwaardes en stamboom behoort hy uitstekende nageslag te teel.




**Lot 5 - CEF200503** dra baie goeie vleis met gladde vel en haar en mooi top lyn. Hy is ook vol agter die blad met breë oogspier en vol buite dye. Geteel uit CEF150315, wat goeie bespiering geteel het, en baie vrugbare moeder CEF140011 TTKP – 366 en gem. speen van105/7. Ons het homo ook gebruik in die kommersiële kudde en hou een semen gebruik uit van die bul.




**Lot 6 - CEF190308** is 'n bul uit DAJ150086 wat uitstekende vroulike diere vir ons geteel het. Hy het ook sy pa vervang in die kudde en nie teleurgestel nie. Hy is lank, diep met goeie kapasiteit en sprong van rib met pragtige top lyn en mooi sagte bespiering oor blad en vol buite dye. Die bul het 'n pragtige gladde vel en kort haar en feitlike perfekte skede en testes. Bowendien dra die bul 'n sterk manlike kop, breë bek en sterk skof wat sy manlikheid definieer. Daar is reeds 56 nageslag in die kudde wat hoofsaaklik uit verse gebore is met gem. GM van 33kg. Sy moeder kom uit goeie langslewende vroulike diere en 100% goedkeuring op haar kalwers. Sy teel nog 'n bul CEF200449 - 9 punt wat ons ook in die kudde gebruik.  CEF190308 het baie potensiaal  vir stoetbul in die ras. Ons hou ook een semen gebruik uit van die bul.




**Lot 7 - CEF200457** het uitstekende kapasiteit, sterk manlike kop en bek en uitstekende bul, goed vir verse met al die goeie ekonomiese syfers vir 'n maternale bul. Feitlik al sy teelwaardes is bogemiddeld met uitstaande karkas waardes. Sy moeder is baie vrugbaar – TKP 374 en gem. speen van 104 en 100% goedkeuring. Ons beskou die bul as 'n goeie keuse vir die fynproewer.




**Lot 8 - CEF200531**  is seker een van die bulle op die veiling met beste balans – hy is donker, manlik,  lank, breed, vol agter die blad met mooi top lyn en vol buite dye. Hy staan sterk op die mooi kloue en bene en beweeg ook baie gemaklik. Hy dra baie vleis en het uitstekende kapasiteit. Hy behoort uitstekende swaar speenkalwers te teel met goeie groei. Sy moeder is baie vrugbaar met TKP 359 en gem. speen van 107/6 kalwers  en haar goedkeuring is 80%. Sy teel ook reeds 2 bulle wat verkoop is vir R55,000 en R110,000 onderskeidelik.  Sy vaar het alreeds R777,000 se nageslag (manlik en vroulik) geteel wat verkoop is. Ons het die bul in die kommersiële kudde gebruik en hou ook een semen gebruik van die bul.




**Lot 9 - CE200433** is een van die laaste groep kalwers uit LAR140064 wat uitstekend geteel het in die ras. Goeie teelwaardes met mooi balans in bouvorm. Hy dra genoeg vleis en sy moeder is ook uitstekend met gem. speen van 103/6 en TKP 366. Al sy grootmoeders het ook uitstekende produksie gehandhaaf – sien stamboom. Ons gebruik hom in die kommersiële kudde en beveel hom sterk aan.




**Lot 10 - CEF200437** is 'n mooi gebalanseerde dik bul uit CEF170481 en moederskant uit LAR140064. Mooi testes, sterk kop en bek en gladde vel en haar, goeie "all rounder".

**Lot 11 - CEF200529** is 'n dik breë bul met manlike verdonker in voor lyne en 'n wakker houding uit CEF150315 wat baie bespiering geteel het. Hy dra sterk been en goeie kloue. Goeie speenkalf bul.




**Lot 12 - CEF200327** is een van die mooiste nageslag uit LAR160004 wat ons met goeie vrug gebruik het. Hy is glad van haar, donkerrooi met baie lang lyf en goeie bespiering - goeie kapasiteit. Hy is breed oor sy rug met mooi lang hang kruis en goeie stert aanhegting. Sy moeder was 'n top bul moeder wat verkoop is in 2022 aan Baszohn Bonsmaras vir R135,000. Sy teel ook CEF160333 wat vir R400,000 aan Tian Kruger in 2018 verkoop is en feitlik al haar kalwers is goedgekeur. CEF200327 is 'n uitstaande bul vir die fynproewer.

**Lot 13 - CEF200382** is nog 'n goeie bul wat ons in die komm. kudde gebruik het. Agt gepunt met keuring en voortreflik ontwikkel met lang breë rug, donkerrooi en goed bespier. Moeder is baie vrugbaar - TKP 384 en 5 kalf op 6 jr. oud. Onverwant in ons kudde uit VV160038.

**Lot 14 - CEF200439** is 'n mooi gebalanseerde bul uit LAR140064 en goed vir verse. Hy is donkerrooi met swart neusspieël en diep lyn met lang agterkwart. Hy is ook baie manlik en goeie kandidaat om speenkalwers en goeie vers nageslag te teel.




**Lot 15 - CEF210336** 1ste van die jong bulle (Winter 2021 kalwers) op die veiling. Hy is waarskynlik een van die beste op die veiling met perfekte bouvorm: top lyn, lengte, breedte en diepte – baie goeie kapasiteit. Hy is manlik met sterk kop en bek, goeie manlikheid, wakker houding en skoon testes en skede. Hy loop gemaklik en getuig van top genetika. Sy vaar CEF180480 is laasjaar verkoop aan Sernick vir R320,000 en sy moeder gee 3 kalf op 5 jr. oud met gem. speen van 107. Hy is 'n baie goeie kandidaat vir stoete en fynproewers.




**Lot 16 - CEF210332** is 'n diep breë bul met baie kapasiteit en gladde vel en haar. Nog 'n goeie seun van CEF180480 en goeie jong koei TKP 371. Gem. speen van 103, speenkalf waarde van 121, groei van 149 en karkas waarde van 143, 8 gepunt met keuring.




**Lot 17 - CEF210304** 1ste van AG170081 wat ons op verse gebruik en wat baie mooi en veilig geteel het. Hy is breed oor sy rug, diep van lyf dwarsdeur met baie kapasiteit. Hy is goed om te gebruik op verse en al sy syfers is bogemiddeld. Moeder CEF180031 gee 3 jr. in 'n ry TKP van 392.




**Lot 18 - CEF210342** is 'n mooi lang lyf bul uit CEF150315 wat baie vleis gedra het uit VV koeie wat onverwant is in ons kudde. Hy is lank, diep met mooi top lyn en pragtig gebalanseer. Uitstekend om sy kloue met skoon skede en testes – goeie "all rounder" met baie groei, vrugbaarheid, koei waarde en karkas waardes.




**Lot 19 - CEF210367** is een van die bulle met uitsonderlike mooi bouvorm wat uitstaan binne sy tydgenote met pragtige houding en byna perfekte bouvorm. Ook geteel uit CEF180480 (sien lot 15) en 'n puik jong koei met 100% goedkeuring op haar nageslag, TKP 374 en gem. speen van 109. Die bul dra vleis uit top moeder met uitstaande groei, koei waarde, speenkalf

waarde en karkas waarde. Ons hou een gebruik aandeel uit van die bul en glo die bul kan nog 'n goeie bydra maak in die nasionale beeskudde.




**Lot 20 - CEF210339** 'n vers bul uit CEF180338, donkerrooi met goeie balans goeie haarkleed en uitstekende vrugbare moeder met TKP van 362 gem. speen van 102 en sy het ook baie melk . Hy is 'n uitstekende keuse om goeie maternale nageslag te teel vir die teler wat sy eie vervanging wil teel .

**Lot 21 - CEF210346** is manlik met sterk kop en breë bek en baie bespier – breed, diep en vol buite dye en goeie karkas waardes. Sy moeder is tops: TKP 370, speen gem. 104 en 5 kalf op 6 jr. ouderdom. Sy LH is ook 1.23 en 8 gepunt by keuring en is algeheel voortreflik.

**Lot 22 - CEF210361** is een van CEF180465 wat verkoop is aan Allem Bros vir R160,000. Die bul het gladde vel en haar met breë rug en vol buite dye en sy speen kalf, koei, groei en karkas waardes voortreflik. 'n Mooi maternale bul om goeie vroulike nageslag te teel.

**Lot 23 - AG170081** ons het die bul uit AG kudde gekoop en gebruik op verse. Nageslag -123 met gem. GM van 29 kg en gem. speen van 101. Bul het goeie breedte en baie kapasiteit en dra dit baie mooi oor op sy nageslag. Sien lotte 17, 32, 33, 34, 38, 42 en 63 op die veiling. Ons hou ook 2 bulle terug wat ons steeds in die kudde gebruik. Hy is dus 'n beproefde bul met goeie bogemiddelde teelwaardes oor alles en beveel hom sterk aan. Sy vader is AG130024 wat deur Johan Goosen gekoop is en sy moer het TKP van 375 oor 12 kalwers op 13 jr. oud en gem. speen van 107, Speenkalf waarde -127; Onderhoud waarde 131; Koei waarde 128; Groei waarde -137 en karkas waarde 136.




**Lot 24 - LFR180022** gekoop van Leon Riekert in 2021. Hy is 'n mooi gladde manlike bul met goeie sagte bevlesing oor sy lyf en breed oor sy rug en buite dye. Ons gebruik hom ook in die kudde en komm. kudde. Die bul het 'n mooi top lyn en is lank van heup tot sitbeen. Sy moer is baie vrugbaar met TKP van 353.




**Lot 25 - LAR170271** ons gebruik die bul in kudde met 90 nageslag en gem. GM 34kg en gem. speen van 102. Hy is manlik, vol agter die blad met lang lyf en vertoon al die goeie vleis eienskappe wat beesboere soek. Ook glad van vel en kort haar en korrekte skede en testes. Dis 'n indrukwekkende stoet vaar wat ons ook aanbeveel.

**Lot 26 - CEF200514** goeie maternale speenkalf bul en besondere moeders van al die kante. Sy eie moeder is 5 kalf op 7 jr. Oud, gem. speen 111 en al die voorouers is voortreflik (sien die Stamboom) Hy is ook onverwant uit VV160038 en goed vir gebruik op verse.

**Lot 27 - CEF200414** nog 'n goeie maternale bul uit 'n uitstaande jong kudde vaar CEF170443. Goed vir verse en hoog op vrugbaarheid soos al sy voorouers.

**Lot 28 - CEF200468** sag bevlese en mooi gladde vel en haar en hoog vrugbaarheid waardes.

**Lot 29 - CEF200473** baie mooi balans, goeie bespiering en hoog op vrugbaarheid, koei waarde en karkas waardes. Bul het ook 'n mooi top lyn en sterk manlike kop en bek en ons gee hom 8 punte. Hy is ook goed om op verse te gebruik.

**Lot 30 - CEF200438** mooi balans, goeie agterkwart en vol buite dye, goeie vrugbaarheid en karkas waardes.




**Lot 31 - CEF190424** 'n bul wat ons terug gehou het vir die kommersiële kudde en met goeie vrug gebruik het. Hy is baie lank en dra hope vleis met 'n mooi top lyn, sterk kop en been en eintlik mooi korrek.

**Lot 32 - CEF210355** nog 'n mooi korrekte bul met feitlik geen foute en 'n mooi top lyn. Hy vertoon dwarsdeur baie mooi en het baie goeie teelwaardes dwarsdeur die bank. Goed vir gebruik op verse.

**Lot 33 - CEF210306** 'n vers bul uit 17081 met sterk kop en bek en vol agter die blad, ook al sy syfers is voortreflik en hy is goed vir gebruik op verse.

**Lot 34 - CEF210301** maternale vers bul met uitstekende waardes op Speenkalf: 117; Koei waarde 115; Groei waarde 136 en karkas waarde 137.

**Lot 36 - CEF210347** donkerrooi met mooi houding en top lyn, korrekte skede en testes.

**Lot 37 - CEF210373** 'n goeie maternale bul met sterk breë kop en bek asook goeie kapasiteit en bespiering. Goeie speenkalf bul met hoë waardes op koei en vrugbaarheid waardes.

**Lot 38 - CEF210308** diep bul met lang breë agterkwart en goeie syfers deur die bank. Goed vir verse.

**Lot 39 - CEF210321** sterk been en raam en goed bevlese. Goeie vrugbare koeie wat jaarliks in die winter kalf van 70 dae dek seisoen.

**Lot 40 - CEF210369** speenkalf bul uit 'n baie goeie koei VV140512 wat vir ons besondere bulle geteel het. Een gebruik ons in kudde, CEF180520, en CEF190578 verkoop ons aan JP du Preez Bk vir R120,000 in 2022. Haar goedkeuring is ook 100%. Die bulletjie het al die vrugbaarheid van vaar en moederskant asook hope groei, melk eienskappe en karkas waardes. Onverwant.

**Lot 41 - CEF210350** nog 'n onverwante bulletjie uit baie vrugbare moeder lyne met hoë speenkalf waardes, koei waarde, groei waarde en karkas waardes. Hy is donkerrooi en dra sterk manlike kop en bek en goed gebalanseerd. Maternale vers bul.




**Lot 42 - CEF210310** 'n uitstaande seun uit AG170081. Ons gee hom 8 punte want hy is net voortreflik in bouvorm, houding en balans. Al sy teelwaardes is hoog bo die gemiddeld en is net bevestiging van die bulletjie self. Sy moeder en voorouers is almal goed vrugbaar en produseer uitstekend. Hy is boonop goed vir gebruik op verse en ons slaan die bul ook hoog aan.

**Lot 43 - CEF200446** goeie maternale bul uit LAR140064 met goeie balans, bevlesing en korrekte teel organe. Goeie speenkalf, vrugbaarheid, koei waarde,  groei en karkas waarde. Moeder lyne uitstekend en al sy moeder se kalwers is goedgekeur. Hy het self 8 gepunt met keuring.

**Lotte 44 tot 72** is almal goeie kommersiële bulle met goeie groei-, koei- en karkas waardes. Die bulle wat goed is vir verse, is gemerk in die katalogus.

Ons bied weer al ons koeie op veiling aan wat in 2013 gebore is, aan asook ‘n verdere 14 jonger stoetkoeie. Koei kaarte van al die koeie is beskikbaar vir verdere besigtiging. Ons beveel  dit sterk aan dat u voor die tyd die koeie besigtig. Ons bied ook 80 kommersiële koeie en 60 kommersiële verse aan op die veiling.

*Verblyf is beskikbaar by Uitzicht Game Lodge (Kiki 063 134 4718) of Fouriesburg Country Inn (058 223 0207).*